NR/NO. 52 MEI / MAY 2019

Koejawel Nuus
Guava News

INHOUDSOPGAWE / CONTENT **BLADSY/PAGE**

UITNODIGING: KPV ALGEMENE JAARVERGADERING/INLIGTINGSDAG **2**

KPV ALGEMENE JAARVERGADERING:SAKELYS **3**

NOTULE VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING: 23 MEI 2018 **4**

GUAVAS IN THE SUBURB **9**

SPUITSTOF ONTLEDINGS 2019 **12**

NUUSBRIEF uitgegee deur die
KOEJAWEL PRODUSENTE VERENIGING
Hoofstraat 258
Posbus 414, PAARL 7620
TELEFOON: 021-8721401
FAKSIMILEE: 021-8722675
E-pos: victor@guavas.co.za

NEWSLETTER issued by the
GUAVA PRODUCERS' ASSOCIATION
258 Main Street
P O Box 414, PAARL 7620
TELEPHONE: 021-8721401
FAX: 021-8722675
Web page: www.guavaproducers.co.za

REDAKTEUR / EDITOR: WIEHAHN VICTOR

Reproduction of articles from this Newsletter to acknowledge KOEJAWEL NUUS and author.
Herdruk van artikels in hierdie Nuusbrief moet KOEJAWEL NUUS en die skrywer erken.

Hiermee word u vriendelik uitgenooi na die

KOEJAWEL INLIGTINGSDAG & ALGEMENE JAARVERGADERING

Datum:	**WOENSDAG, 12 JUNIE 2019**
Tyd:	**09:30 vir 10:00**
Plek:	**LE BAC ESTATE, PAARL**

PROGRAM		
10:00	Verwelkoming	Poena Malherbe *KPV Voorsitter*
10:05	KPV Algemene Jaarvergadering: Sakelys	Wiehahn V ictor KPV HUB
10:30	Voorsittersverslag	Poena Malberbe *KPV Voorsitter*
11:00	Stand van Sake in die Koejawelbedryf	Wiehahn Victor *KPV HUB*
11:20	Die rol van Georganiseerde Landbou in verhouding tot die verkose regering	Christo vd Rheede Agri SA
12:10	Koejawel Proef met verpakking en opberging	Carl Hörstmann Provar
12:30	Verslag van Nuwe Seleksies te Bien Donné	Chris Smith Konsultant
13:00	Ligte Middagete	Geborg deur KPV

KOEJAWEL PRODUSENTE VERENIGING
ALGEMENE JAARVERGADERING

SAKELYS

1. Notule van die Algemene Jaarvergadering gehou op 23 Mei 2018
   1.1. Sake uit Notule

2. Finansiële Verslae:
   2.1. Balanstaat en Inkomstestaat
   2.2. Ledeheffings
   2.3. Goedkeuring van Ouditeure

3. Verkiesing van KPV Bestuur
   3.1. Sien huidige bestuur op bl.7 van hierdie Nuusbrief.
   3.2. Nominasies moet die kantoor bereik voor 10 Junie 2019.

4. Algemeen

Kom kry die nuutste inligting sprekers
wat kenners op hul gebied is.

Die Koejawel Produsente Vereniging waardeer julle ondersteuning!

NOTULE ALGEMENE JAARVERGADERING VAN DIE KOEJAWEL PRODUSENTE VERENIGING GEHOU OP 24 MEI 2018 OM 09:30 TE LE BAC, PAARL

1. **OPENING & VERWELKOMING**
   Die Voorsitter, Mnr Poena Malherbe heet almal welkom en versoek Mnr Hannes van Jaarsveld om die vergadering met gebed te open.

2. **TEENWOORDIGHEID & VERSKONINGS**
   Die vergadering word deur 55 persone bygewoon die lede word versoek om asseblief ook hul e-pos adresse op die teenwoordigheidslys aan te bring om te help met die uitstuur van korrespondensie in die toekoms.

3. **VERKLARING IN TERME VAN DIE MEDEDINGINGSWET**
   Die vergadering neem kennis van die inhoud van die Dokument: *Deklarasie in terme van die Kompetisie Wet*, wat in die Teenwoordigheidsregister ingebind is. Die vergadering bevestig dat hulle die inhoud verstaan en hulle sal onderwerp aan die voorwaardes daarin gestel.

4. **NOTULE VAN VORIGE VERGADERING**
   Die Bestuurder, Mnr Wiehahn Victor, lees die notule van 14 Junie 2017. Die notule word as korrek aanvaar deur beide Mnr Francois De Manielle en Mnr Dos Joubert.

5. **VOORSITTERS VERSLAG**
   Mnr Poena Malherbe lewer die Voorsitters verslag vir die afgelope jaar en verwagtinge vir die komende seisoen:

   Nog ‘n moeilike jaar is verby vir Koejawel Produsente wat veral gekenmerk is deur ernstige droogte. Die nuwe pluk seisoen het met goeie reën weggespring, maar is met ‘n skok oor die lae pryse van veral sap koejawels

getref. Die vereniging het vergader deur die jaar en daar is ook gekyk wat gedoen kan word om koejawels beter te bemark, asook om met die verwerkers te gaan praat oor volumes vrugte en redes vir die verlaagte pryse.

5.1 **KOEJAWEL OES 2017**

Die somer maande van 2017 was weereens droeër as normaal, teenoor waar dit in 2016 Paasnaweek nog gereën het. Noemenswaardige reën het eers einde Mei, begin Junie voorgekom, wat dan veroorsaak het dat die koejawels baie klein was en die oestyd later as normaal begin het. Aanvanklik is daar gedink dat die oes kleiner gaan wees, maar daar is weer ongeveer 26 000-ton Koejawels geoes, met Mosselbaai wat 'n besondere groot oes ingebring het.

5.2 **SAP**

Die Sapmark gedeelte vir Koejawels was goed voorsien en verwerkers kon steeds alles verwerk, alhoewel pryse reeds aan die einde van 2017 begin daal het. Brasilië, met hul goedkoper produk, is nou Suid Afrika se grootste opposisie op die oorsese markte.

5.3 **INMAAK**

Die Inmaakbedryf was in die 2017 seisoen ondervoorsien van koejawels as gevolg van die oes wat later begin het, die swak kwaliteit, asook die fabriek wat vir 3-weke in die middel van die seisoen gesluit het. Die vraag na inmaak koejawels bly maar dieselfde met baie min groei, wat 'n bekommernis is, want die inmaak prys het altyd gehelp om die wisselende Sapmark te ondersteun. Wêreldwyd is ander Inmaakvrugsoorte soos perskes ook onder druk, met 'n groot Inmaakfabriek wat reeds in Amerika gesluit het.

5.4 **VARS MARK**

Die vraag na vars koejawels bly goed met top pryse wat vir gehalte betaal word. Indien die regte kultivar vir die varsmark geteel kan word en wat 'n goeie hou vermoë en verbeterde smaak het, kan dit beter benut word en kan daar ook selfs heel moontlik na uitvoere gekyk word. Die koejawel prys vir die 2017 oes was laer as in 2016 met die rand wat verstewig het, en soos reeds genoem, die sterker kompetisie uit veral Brasilië.

Die 2018 seisoen het ‘n baie droeë somer beleef, met plase wat se water opgedroog het - veral teen die Bergrivier. Paasnaweek het die reën begin en die winter oes skop goed af met vrugte wat groter as verlede jaar is en wat veral goed lyk in die dele waar water in somer beskikbaar was. Pryse van veral sapgraad Koejawels het met meer as 50% gedaal teenoor die 2017 seisoen wat produsente onder geweldige druk plaas om te oorleef, asook om te kan aangaan om met Koejawels te boer.

As alles volgens plan verloop behoort daar weer 26 000-ton koejawels geoes te kan word, met veral die nuwe boorde wat indrag kom en wat sal vergoed vir wat aan die droogte afgestaan word.

5.5 **NUWE AANPLANTINGS**
Met die pryse wat so drasties geval het, is dit onseker of baie boere nog sal uitbrei en sal daar eers gewag word om te sien wat met bedryf gebeur.

5.6 **NUWE KULTIVARS**
Die nuwe kultivars wat Salomie Willemse van die Landbounavorsingsraad (LNR) op Bien Donné uitgeplant het groei goed. Daar moes op ‘n stadium water aangery word nadat die Bergrivier gaan staan het en Pieter Quixley (Bien Donné Plaasbestuurder) onder die wakende oog van Chris Smith, die bome mooi in die somer kon deurgedra het.

Dan wil ek weereens my dank en waardering uitspreek teenoor Bestuur, Verwerkers,
Produsente vir hul bydrae tot die bedryf.

Dankie ook aan mnr Wiehahn Victor, ons Bestuurder, vir sy groot bydraes en dat hy koejawels altyd sal bybring, al verteenwoordig hy ook ander vrugsoorte.

6. **FINANSIES**

Mnr Wiehahn Victor behandel die finansiële state. BGR Broodryk Kotzé Inc/Ing is weer as ouditeure aangestel.

6.1. Finansiële state vir die afgelope jaar soos ge-eindig op 28 Februarie 2018.

- Inkomste R 398 747
- Uitgawes R 276 707
- Surplus R 122 040

6.2. Die Wes-Kaapse se Regering se bydrae van R 299 000 het gemaak dat die Koejawel Produsente Vereniging die nodige kultivar ontwikkeling en evaluasie kan uitvoer tot voordeel van die Koejawelbedryf. Daar is nog voldoende fondse beskikbaar om voort te gaan met die koejawel navorsing op die proefplase vir die komende jaar.

6.3. Mnr Francois De Manielle stel voor en Mnr Alexander Zybrands sekondeer dat die state korrek is.

7. **NOMINASIE VAN BESTUUR**

Daar is geen nuwe nominasievorms en of bedankingsbriewe ingedien nie en die bestaande Raadslede het hul nuwe termyn aanvaar. **Goedkeuring** vir die bestaande Bestuur is eenstemmig gegee.

STREEK	LEDE	PERSONE
Porterville	1	C C (Mossie) van der Merwe
Paarl	1	P J (Poena) Malherbe
Wellington / Dal Josafat	1	A (Alexander) Zybrands
Kraaifontein / Stellenbosch	1	J J P (John) Uys
Mosselbaai	1	B (Billy) Robertson
Addisionele Gekoöpteerde Bestuurslede		W (Willie) Visagie A J (Dos) Joubert W (Willem) Grobbelaar

8. **LEDEHEFFING**

Die ledeheffings vir die komende 2018 seisoen **bly onveranderd op R20.00 per ton.** Verwerkers betaal R10.00 per ton en die Produsente R10.00 per ton. Die vergadering aanvaar dit eenparig. Die Verwerkers teenwoordig dui aan dat hulle dit ook ondersteun.

9. **GASSPREKERS**

Die volgende sprekers lewer insiggewende lesings:

9.1. **Mnr Jurie Cilliers van Mapflex**

Mapflex is ‘n innoverende maatskappy wat spesialiseer in die verlenging van raklewe vir vars produkte. Mnr Jurie Cilliers het hul benadering en tegnologie wat gebruik word vir die gehoor verduidelik. Die Koejawel Produsente Vereniging het besluit om te investeer en proewe te doen vir

die verlenging van koejawels se raklewe met die visie om toekomstig koejawels landwyd te vervoer en moontlik ook uit te voer.

9.2. **Mnr Willem Faber van DFM Software Solutions**

Die Koejawel Fase II Proef op die Bien Donné Proefplaas in Simondium is gered deur die DFM Sagteware Tegnologie wat gebruik is om die water behoeftes van die koejawel bome aaneenlopend te meet en slegs te besproei wanneer dit nodig sou wees. Water is 'n skaars kommoditeit en met hierdie tegnologie was die water verbruik uitstekend geskeduleer en is die koejawel proefboord gesond en die bome groei goed. Mnr Willem Faber het die praktyk en beginsels van hoe die DFM stelsel optimalisering van water vir jou boord kan bied, aan die hand van voorbeelde, bespreek. Daar was groot navraag na sy voorlegging.

9.3. **Mnr Chris Smith (Koejawel Proewe)**

Mnr Chris Smith het vele fotos van die Bien Donne Koejawel Proewe met die gehoor gedeel en bevestig dat die DFM Software Solutions die rede was dat die koejawelproewe die ernstige droogte oorleef het. Mnr Peter Quixley het water vanaf ander bronne aangery sodat die proewe kon oorleef. Die hervestiging van 'n nuwe genebank in die Wes-Kaap is aan die gebeur wat groot opwinding bring. 'n Verdere oogmerk is om die Nelspruit teelprogram ook na die Wes-Kaap uit re brei, sodat 'n nuwe kultivar ontwikkel kan word om aan die plaaslike behoeftes te kan voldoen. Voorlopige snoeiproewe is ook reeds gedoen en die resultate sal mettertyd aan die produsente deurgegee word. Verdere proewe om die raklewe van koejawels te verleng is in die pyplyn en sal eersdaags 'n aanvang neem. Koejawels is van uiterste belang vir die Regering en dan ook spesifiek vir die Wes-Kaap, omrede dit minder water benodig as vele ander gewasse. Dit is 'n kommoditeit wat vir die Regering van vandag aanloklik is om in te investeer en bring ook broodnodige werks geleenthede. Mnr Chris Smith dryf die koejawel navorings met erns en hy is vir die KPV van groot waarde. Bogenoemde lesings is by die kantoor beskikbaar.

Nadat alle vrae beantwoord is, is die vergadering verdaag en is die produsente genooi om 'n middagete saam te geniet.

VOORSITTER

GUAVAS IN THE SUBURB

New homeowners, when finally moving into their long-awaited house are met with many surprises. There are also old rubbish piles behind the staff quarters, pet cemeteries in a garden corner and even discarded lawn movers are the order of the day. In our case, the surprises came much later. One was in the form of insufficient drainage resulting in a garden cottage standing knee-deep in water after the first summer rain. Though, it was not all doom and gloom. We are also blessed with a fully-grown guava tree. At first, we didn't think much of it and embraced this tree as it was the only one on the property. The conifers along the perimeter clearly had been planted by the seller to create that pretty impression.

Our guava tree soon made its presence felt as that summer drew to a close. Initially we were concerned by the hectic bee activity, as the white blossoms became irresistible to these determined and very active pollinators. Yet, we left them in peace, and they carried on with what they knew best to do.

As the season changed to autumn and the green little berries transformed into guavas, it was the nagging of our visitors and friends that tempted us to try the fruit. Initially we called it an acquired taste and for me the many pips in the centre are still a challenge.

The first crop that we experienced far exceeded our appetite and so the majority of these fragrant, bright yellow fruits ended up on the ground. That is, those that the grey loeries only finished partially and the lot that ripened on the tree and then obeyed gravity. I was not impressed at having to rake and pick up heaps of this nuisance, not speak of all those on which I squashed into instant jam with one step.



As our second January in the company of our guava tree came to an end, my wife announced that this was the year when she intended bottling guavas.

I was surprised yet pleased that it meant much less of my time being absorbed with raking and picking up fallen fruit. How can I forget that first Saturday morning in May, having invited five friends with their sharpest peeling knives and veggie peelers. The jokes were criss-crossing the kitchen and this competitive bunch could not be held back. By 11:00, at the first signs of peeler fatigue, I presented a couple of bottles of South Africa's finest, chilled sparkling wine and rapidly those knives were separating yellow fruit skin from the pristine pink flesh. Lindie, a pharmacist and true alchemist, stood loyally by my wife as they lowered halved guavas into a dark sauce of bubbling sugar water, aniseed and further ingredients which I am not permitted to mention. Behind them Yusuf was sterilising jars and lids. Soon his hands were cramping like those of the peelers, except that his were the result of tighten the lids of filled jars. The bubbly flowed and as the skins curled onto the trays, so the pink fruit appeared; all was good.

Then, when Anita discovered my bottles of Jerepigo on the shelf another ingredient found its way into the sauce and the guavas. While washing her knife, she inflicted a deep cut into her finger. Fortunately, there was a doctor in the house and she was promptly rushed off to the rooms two blocks away for seven stitches – I still marvel at the little amount of local anaesthetic Anita required.

I realised that the light lunch of croissants and cheeses was not going to sustain this lot and fortunately my trusted Weber was in reach. Braaied meat, stywe pap and the obligatory salads – with lots of red wine and we were back in business. That May we bottled close to 80 kg of guavas. Many a birthday gift was made of bottled guavas, much to the delight of the recipient.

Sadly, since then we have met several new challenges with our tree. As it is the only fruit tree in the entire suburb, it is a major attraction for fruit flies. By the time that we harvest, each fruit already carries their worms. I have just received fresh advice from the ARC-institute and so with hope we look towards the harvest of 2020. In the mean-time the grey loeries, red-faced and speckled mouse birds and the crested and black-coloured barbets keep us entertained as they maraud and pilfer the guavas all over the tree. Lately we speculate that the loeries possibly do become tipsy from the fruit – their cackling and comical socialising certainly is an indication and we delight in this alternative source of enjoyment of our tree.

REINHOLD JUST

SPUITSTOF ONTLEDINGS: KOEJAWEL SEISOEN 2019

Die beplanning vir Chemiese spuitstof ontledings van koejawels vir die 2019-seisoen is as volg.

1. **MONSTER TREKKING**
   Monsters sal een maal per week aan die laboratorium gelewer word. Alle monsters moet teen **WOENSDAE** om 14:00 by die kantoor te Hoofstraat 258, Paarl gelewer word. Die Koejawel Produsente Vereniging sal die administrasie en vervoer na die laboratoruim doen.

2. **TERUGVOER**
   Nadat die ontledings by die laboratorium gedoen is, sal dit onmiddellik aan die betrokke kontakpersoon van die fabriek per e-pos gestuur word. Die betrokke verantwoordelike persone moet asseblief op die oorskrydings/uitslae reageer.

3. **AKSIE**
   Indien oorskrydings voorkom en aksie geneem moet word, moet die nodige afsprake gemaak word vir opvolging van monster trekking. (My sel nommer is: 082 7799 886)

4. **LABORATORIUM**
   Die chemise spuitstowwe ontleding sal by die laboratorium: Hearshaw and Kinnes Analytical Laboratory (Pty) Ltd gedoen word. Die prys is **R715.49 BTW ingesluit** vir die LCMSMS masjien, vir die rekening van die Verwerker terwyl die administratiewe koste en vervoerkoste deur die Vereniging betaal word.

5. **SWAARMETALE**
   Indien monsters vir Swaarmetale by Bemlab getoets moet word, moet die opdrag duidelik gespesifiseer word en die monster apart gelewer word. Ontledingskoste vir Swaarmetale beloop **R484.00 BTW ingesluit** per monster en is vir die rekening van die Verwerker. Tans word die volgende swaarmetale getoets: Lood, Arseen, Tin, Kadmuin, Yster, Mangaan, Kwik en Koper.

Wiehahn Victor
15 Mei 2019